# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 24 JULIE 2024

## DIE SKEPPING, OERDIERE, NEANDERTHALS, EN MEER

1. Genesis 1: 1 en verder – Die Skepping

   In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. – **Genesis 1:1-2**

## DIE EERSTE SKEPPING

2. Plaas jouself vir 'n oomblik in hierdie situasie – daar is niks, en God kom en maak die hemel en die aarde.

   a. Vanuit niks spreek God Drie-Enig en die hemel en aarde ontstaan.
   b. Wie was die Skepper? – God Drie-Enig – nie 'n teorie soos ons lees van die 'Big Bang' of iets wat wetenskaplikes voorstel nie – God Drie-Enig het uit niks, iets geskep.
   c. Vers 1, 2 is die begin van Geskiedenis – daarom is die boek Genesis so belangrik ten opsigte van die ander boeke in die Bybel.

3. Vraag – wie was die Skepper?

   > In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. – **Johannes 1:1-5**

4. In hierdie eerste skepping was daar geen orde nie:

   > En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters. – **Genesis 1:1-2**

   Daar word gereken dat hierdie die tydperk was waar Satan en 'n derde van die engele uit die hemel gewerp is – die duisternis wat heers oor die skepping, asook die skepping wat woes en leeg is – daar is geen orde en niks goeds waar daar duisternis is nie. Dog, die Gees van God sweef oor die waters en waar God Drie-Enig is, daar is Lig – Lig oorwin die duisternis.

   > En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. – **Genesis 1:3**

   Die Lig oorwin die duisternis, en daarna volg die tweede skepping – die ses daagse skepping.

5. Hoe lank was 'n dag? 'n 24-uur periode soos ons tans dag en nag ken, of 'n 12-uur periode – dag? Die Hebreeuse woord 'Yôm' verwys dwarsdeur die Bybel na 'dag' as 'n 24-uur periode. Jesus was drie dae in die graf – 'Yôm'.

   > Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos een enkele wagbeurt in die nag. – **Ps 90:4**

> …vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. – **2 Petrus 3:8**

Die mening is dat 2 Petrus 3:8 verwys na die wederkoms en oordeelsdag, en nie na die skepping nie.

6. Vir die eerste keer is afgemete tyd gebruik

> Toe sien God dat die lig goed was. En God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis; En God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was more, die eerste dag. – **Genesis 1:4**

**DIE SES-DAAGSE SKEPPING**

Dag 1: Dag en nag/aand en more – die skepping is georden en verloop volgens 'beplanning'.

Dag 2: Uitspansel is gemaak en God maak skeiding tussen die waters onder die uitspansel en die water wat bo die uitspansel is – die uitspansel is hemel genoem.

Dag 3: die waters onder die hemel moes op een plek versamel, sodat die droeë grond sigbaar word. Die droeë grond is aarde genoem; die versameling van water is see genoem.

Die plante, bome wat saad en vrugte gee is geskep. (dieet van daardie tyd – saad en vrugte)

Dag 4: die ligte in die uitspansel – sterre, son, maan – doel was om skeiding te maak tussen die dag en die nag; moes ook dien as tekens en as vaste tye – dae en jare. Die ligte aan die uitspansel van die hemel moes ook lig gee op die aarde.

Dag 5: waters wat wemel van lewende wesens – volgens hulle soort, asook die groot seediere; ook die gevleuelde voëls is gemaak, volgens hulle soort.
Genesis 1:20 ev.

God het hulle geseën met die opdrag: 'wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder'.

Dag 6: Opdrag dat die aarde lewende wesens voortbring – vee, kruipende diere en wilde diere volgens hulle soort.

Die opdrag: 'Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

7. Opdrag

   d. God het hulle geseën – man en vrou
   e. Opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder en die aarde te vul
   f. Al die diere – in die lug, see en land is ondergeskik aan die mens
   g. Opdrag ten opsigte van voedsel: al die plante wat saad dra en al die bome wat boomvrugte dra – voedsel vir die mens

   h. Voedsel vir die diere – die diere op die aarde/voëls en kruipende diere waarin 'n lewende siel is, gee God al die groen plante as voedsel.

Dag 7: God Voltooi Sy werk op die sewende dag, en rus. God seën en heilig die sewende dag.

8. Wat nou?

   Daar was geen struike in die veld op die aarde nie, geen plante het gegroei nie, dit het nog nie gereën nie; daar was ook geen mens om die aarde te bewerk nie…

   > Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig. – **Genesis 2:6**

**BESPREKING**

1. Waar pas die Neandertal mense in?

2. Wat van die oerdiere – mammoete, dinosourusse? Job 40:10-19 verwys na die 'behemoth' en in Job 40:20 die 'Leviathan' – seekoei en krokodil of heel moontlik 'n 'brachiosaurus' en 'plesiosourus' – swemmende reptiele.

3. Daar is aanduidings dat dinosaurusse saam met mense geleef het, en Koolstof 14 beperk die ouderdom op 250,000 jaar. Baie bene is gevind wat nie gefossileer is nie.

4. Wetenskaplike berekeninge wat wys dat sekere natuur verskynsels miljoene jare oud is?